



Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Van die Beheerliggaam



Liewe Swarries, ouers en personeel,

Ons is tans in week 6 van die grendeltyd. Vir meeste van ons het die inperking en die aanvanklike "snaaksigheid" van by die huis bly, nou begin plek maak vir bekommernis en angstigtheid. Ons almal se lewens het die laaste weke drasties verander en hierdie veranderinge bring 'n menigde uitdagings. Ons normale ingesteldheid is om in beheer van ons dag tot dag bestaan te wees. Nou moet ons aanpas sonder om dinge te doen soos wat ons dit altyd gedoen het. Dit is hierdie vermoë om aan te pas en met kreatiwiteit na ons nuwe realiteit te kyk, wat ons almal nou broodnodig het.

Laerskool Swartkop is 'n unieke skool met unieke uitdagings. Die skool funksioneer steeds binne die raamwerk van wat toelaatbaar en moontlik is. Ons kinders ontvang hul lesse, huiswerk en memorandumms en leer terselfdertyd verantwoordelikheid en selfstandigheid. Ons ouers en leerders kom met soveel oulike en kreatiewe idees vorendag om tuis besig te bly. Ons personeel werk kliphard aan idees om ons kinders fisies en emosioneel besig te hou terwyl hulle steeds akademiese vordering maak. Die akademiese werk word ook op so manier aangebied en gestuur dat dit soveel as moontlik van ons leerders bereik. Heelwat ouers werk ook steeds voltyds en moet dan saans, oor naweke of op vakansiedae juffrou of meneer wees. As beheerliggaam kan ons net ons personeel, ouers en leerders prys en bedank vir hul positiewe gesindheid, toewyding en kreatiwiteit in hierdie moeilike tyd. Ons salueer u almal en bedank u vir u bydrae tot ons skool en gemeenskap.

Ons wil u verseker dat ure en ure se beplanning reeds gedoen is om die skool gereed te kry vir die dag wat ons weer mekaar by die skool kan ontmoet en almal veilig te hou wanneer dit gebeur. Moeilike besluite moes in onseker tye gemaak word. Dit moes ook gedoen word nog voor die Departement van Onderwys se aankondiging van die eerste datums waarop personeel en kinders terug by die skool moet wees.

Daar is reeds maskers aangekoop vir elke leerder en personeellid, reëlins is getref om die skool deurlopend te ontsmet en die kinders elke moontlike hulpmiddel te gee vir beter higiëne. Dit eindig egter nie daar nie. Daar is ook reeds omvattende planne in plek om ons leerders wat eers later gaan terugkeer skool toe in aanraking met hul skool, hul onderwysers en sover moontlik op datum met hul skoolwerk te hou. Terselfdertyd werk ons personeel ook aan omvattende planne om seker te maak al ons leerders het die skoolwerk wat gedurende die grendeltyd behandel is, deeglik onder die knie. wanneer hulle mekaar weer in die klas sien.

Vir almal is dit egter 'n leerskool en geen plan is perfek nie. Soos wat omstandighede byna daagliks verander, so moet alle planne ook daagliks aangepas word. Ons as skoolgemeenskap moet dus almal voortdurend probeer om mekaar met respek, geduld, begrip en empatie te hanteer.

Ons wil graag ons ouers bedank vir hul positiewe reaksie met betrekking tot die betaling van skoolgeld. Baie van ons ouers wat probleme ondervind om skoolgeld te betaal het ook reeds reëlins getref vir afbetaling of aansoek gedoen om vrystelling. Hierdie positiewe reaksie help die beheerliggaam en skoolbestuur om beter vooruit te kan beplan. Ons versoek u weer om sover as moontlik u finansiële verpligtinge teenoor die skool na te kom.

Ek sluit graag af met die volgende gedagte van Mandy Hale:

"Trust the wait and embrace the uncertainty. Enjoy the beauty of becoming. When nothing is certain, anything is possible."

Groete

Jaco Strauss
Voorsitter: Beheerliggaam



Grendelstaat
Nuusbrief 2

1 Mei 2020



George Bernard Shaw skryf dat "Life is no brief candle for me. It is a sort of splendid torch which I have got hold of for the moment and I want to make it burn as brightly as possible before handing it on to future generations." Ons, as vennote (ouers en onderwysers), in die opvoeding van jongmense, kan gerus hierdie stelling ons lewensmotto wees.

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om elke ouer, Swarrie-leerder en veral die onderwysers te bedank vir hul bydrae wat elkeen op sy terrein lewer om leer te laat plaasvind. Ek besef dis nie die ideale omstandighede nie, maar weet dat elkeen sy beste doen in hierdie onsekere tyd. Dankie vir al die positiewe terugvoer en deernis waarmee daar met mekaar, ouers en leerders gewerk word.

Alhoewel daar nog baie onsekerhede is oor wanneer die skool sy volle werksaamhede kan hervat, is ons personeel slaggereed om volstoom die akademiese aspek van die skool te hervat. Na aanleiding van Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys, se aangekondig (30 April) dat die eerste groep leerders eers in Junie vanjaar sal kan teruggaan skool toe, gee ons graag die volgende inligting aan u deur.

Sekere van die Departement van Onderwys se personeel (Distrikskantoor-personeel) sal op Maandag, 4 Mei terugkeer kantoor toe om die situasie te evalueer en die nodige toerusting aan te koop ten einde te verseker dat skole behoorlik toegerus en veilig is om leerders in te neem.

Die terugkeer-program behels die volgende:

- **11 Mei:** Skool se bestuurspan, algemene werkers en administratiewe personeel is terug by die skool.
- **18 Mei:** Die onderwyspersoneel is by die skool om die skool gereed te kry vir die leerders se terugkeer.
- **1 Junie:** Net graad 7 leerders sal op 1 Junie mag terugkeer skool toe.
- Datums vir die terugkeer van die leerders in ander grade, is nog nie gefinaliseer nie.

Hierdie besluite is geneem om die 2020 akademiese jaar te beskerm, maar ook om te verseker dat skole nie bydra tot die verspreiding van Covid-19 nie. (As net een graad op 'n slag terugkeer skool toe, het hulle die hele skool vir hulself en kan sosiale afstande gehandhaaf word.)

Daar is egter steeds nie uitsluitel oor die Junie en September se skoolvakansies nie en ook nie wanneer die skool vir die jaar sal sluit nie. Die amptelike hersiene skoolkalender sal in die Staatskoerant gepubliseer word, sodra dit gefinaliseer is. Leerders sal nie toegelaat word om terug te keer skool toe nie, alvorens die skool nie die nodige maatreëls getref het om die verspreiding van Covid-19 te verhoed nie.

Veiligheidsmaatreëls sluit die volgende in:

- Higieniese pakkies wat maskers, handontsmettingsmiddels, handskoene en ander beskermende kleredrag bevat, wat deur die GDO aan alle skole versprei sal word.
- Alle leerders en onderwysers moet gedurende die skooldag maskers dra.
- Leerders sal vir Covid-19 nagegaan en getoets word wanneer kontakonderrig hervat.
- Alle leerders en onderwysers sal opleiding in hoe om veiligheid- en gesondheidsmaatreëls toe te pas ontvang wanneer die graad 7-leerders op Maandag, 1 Junie terugkeer.
- Leerders se hande sal ontsmet word voordat hulle by 'n klaskamer ingaan.
- Daar sal slegs een leerling per skoolbank sit.
- Klaskamers sal elke dag ontsmet word.
- Leerders se beweging tussen klasse sal beperk word.

Aktiwiteite soos sportbyeenkomste en skoolkonserte word nie toegelaat nie. Leermateriaal sal aan leerders beskikbaar gestel word. Dit sluit in die uitsaai van kurrikulum-inhoud op radio- en televisiestasies. Leermateriaal word ook op die skool en departement se webtuiste beskikbaar gestel.

Dit is dus egter noodsaaklik dat ons so vroeg as moontlik voortgaan met kontakonderrig. Ouers word verder aangeraai om skoolfonds te betaal. Die wanbetaling van skoolfonds plaas bykomende druk op die skool wat onderwysers moet betaal wat deur die beheerliggaam aangestel is. Ouers moet dus so ver moontlik voortgaan om skoolfonds te betaal.

"Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God." - Psalm 20:8

Veiligheidsmaskers



Ons het dit goedgevind om vir elke leerder en personeellid 'n 'Swarrie-masker' aan te koop. Ons model, Wihan Koster (regs) lyk spoggerig, dink julle ook so?

Elke leerder ontvang EEN gratis masker soos wat die infasering van die grade sal plaasvind. Ouers moet asseblief self die rekkies verstel na gelang van die kopgrootte van u kind. Elke leerder en personeellid is verplig om elke dag met 'n masker skool toe te kom.

Daar sal 'n beperkte aantal ekstra maskers by die skool se klerebank te koop wees sodra ons weer almal kan terugkeer skool toe.



Graad R - 3 Akademie



Vanaf Maandag, 20 April het daar 'n weeklikse beplanning uitgegaan na alle Gr R – 3 ouers, met werk wat elke dag tuis gedoen moet word. Beplanning is op die WhatsApp- groepe uitgestuur, asook op D6.

Die onderwysers werk hard aan prakties-uitvoerbare werk om dit so maklik as moontlik te maak om uit te voer. Die onderwysers is in noue kontak met hul ouers via die WhatsApp-groepe. Elke klas het ook deur die verloop van die week met hul klas 'n Zoom-sessie gehad, of gaan binnekort een hê. Die onderwyseres en kinders (en ouers) het dit vreeslik geniet.

Op hierdie stadium hou ons die beplanning soos op hede. Ons kry baie positiewe terugvoer van ouers. Baie dankie vir almal se harde werk.

Graad 4 - 7 Akademie



Ons wil vir elke ouer/voog en kind baie dankie sê vir die samewerking wat julle op die oomblik gee, met die skoolwerk wat die onderwysers vir julle stuur. Ons is ook deeglik bewus daarvan dat daar baie uitdagings in hierdie tyd is en dat almal nie altyd al die werk wat gestuur word, baasraak nie. Daarom moedig ons julle aan, doen die dele wat jy doen so goed as moontlik. Elke klein deeltjie wat jy doen is die moeite werd. Soos in ons vorige skrywe, het ons van vlakke van kommunikasie gepraat. Ons 1ste vlak van kommunikasie bly steeds die ouerforum wat die werk aanstuur, sowel as die D6 waarop die werk geplaas word. In volgende week gaan ons egter, die 2de en 3de vlak van kommunikasie begin gebruik. Daar gaan Zoom-sessies in klasverband met die Wiskunde onderwysers gereël word, waarin werk verduidelik gaan word. Ons glo die kinders sal baatvind daarby en baie bly wees om hulle onderwysers te kan sien.

Die sessies gaan as volg werk:

Vir die eerste Zoom-sessies sal klasse gekombineer word en u kind, waar moontlik, die sessie bywoon. Hierdie is aanvullend en wil ons graag kontak met u kind maak. Die sessies se meeting ID en Password is op die klasgroepe versprei en sal die Gr 7 en 6 leerders Maandag, 4 Mei deelneem en Graad 5 en 4 op Dinsdag, 5 Mei.

Ons lê net weer klem daarop dat hierdie sessies nie verpligtend is nie, maar dat ons graag kontak met die kinders wil behou en so ook 'n bydrae lewer. Ons sien uit om die vlak verder te beproef.

'n Groot dankie aan elke graad- en klasvertegenwoordiger wat so behulpsaam is om die werk aan die onderskeie klasse en grade te stuur. Sonder julle hulp, sou ons nie van hierdie poging van ons 'n sukses kon maak nie.

Onthou egter, u is enige tyd welkom om 'n e-pos na die onderwysers te stuur met vrae en antwoorde. Ons help graag, waar ons moontlik kan.

Ons sal nader aan die 1ste Junie volledige kommunikasie aan die Graad 7 leerders en ouers uitstuur oor wat die protokol gaan wees rondom die terugkeer skool toe, sanitasie, sosiale afstand van leerlinge, uitdeel van maskers, akademiese rooster ens.

Sterkte aan elkeen met die 'skoolhou' by die huis!

Opedag en Inskrywings



Sodra dit vir ons moontlik is om 'n datum te bepaal vir die Opedag, sal ons dit aan u deurgee. Intussen is ons hard 'agter die skerms' aan die werk om ons pragtige skool deur middel van 'n virtuele advertensie aan nuwe (en ou) ouers bekend te stel.

Gaan kyk gerus na hierdie virtuele advertensie ([Kliek hier](#)). Indien u reeds u kind wil inskryf vir 2021 is u baie welkom. Voltooi net die [Aansoekvorm](#) en e-pos dit saam met die kind se Geboortesertifikaat, Inentingskaart, ID's van beide ouers en Bewys van adres na: inskrywings@laerskoolswartkop.co.za. Deel asseblief die advertensie-skakel met vriende en bure.

Individuele Foto's



Met die vervoegde skoolvakansie en inperking, moes Prestige wat ons individuele foto's geneem het, inderhaas alle foto's by hul klante besorg. Ons is bewus daarvan dat daar foute ingeglip het, gegewe die moeilike situasie waarin hulle was. Sommige leerders het verkeerde foto's ontvang terwyl ander wat bestellings geplaas het, niks ontvang het nie.

Indien u een van hierdie ouers is, kan u die verkeerde foto's of 'n brief wat sê dat u geen foto's ontvang het nie skool toe stuur na die voogonderwyser wanneer die infasering van u kind se betrokke graad gaan plaasvind.

Engelse Redenaars



Ons het heelwat navrae van ouers ontvang rakende die Engelse Redenaars waarvoor die kinders van Gr 1 - 7 moet voorberei.

U moet asseblief nie hieroor bekommer nie, aangesien die datum uitgeskuif sal word tot later in die 3de kwartaal of selfs tot in die 4de kwartaal.

Hulle gaan wel hul praatjies in die Engelse klasse (Gr 4 tot Gr 6) en in hul voogklasse (Gr 1 tot Gr 3) opsê aangesien die redenaarstoesprake juis ten doel het om die kinders te leer om voor mense te praat en hulle te oortuig van hul standpunt.

Om 'n video opname van die toespraak te maak, mis ons die hele doel van redenaars om voor 'n gehoor te praat. Bêre vir eers die toespraak op 'n veilige plekkie en sodra ons sekerheid het oor nuwe datums, sal dit betyds aan u deurgegee word, maar die toespraak sal beslis gebruik word. Die harde werk van toespraak skryf was nie onnodig of verniet nie.

Sterkte vir die tyd vorentoe.

Groete - tot ons mekaar weer ontmoet

M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

J STRAUSS
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM